

Atome en Verbindings

November 2018/1

- 1.2 Die KORREKTE chemiese formule vir kaliumnitraat is ...
- A K_3N
 - B PNO_3
 - C KNO_3
 - D K_2NO_3
- (2)
- 1.7 In die verbinding, H_2O , is die verhouding van die MASSA van waterstof tot suurstof altyd ...
- A 1 : 2.
 - B 2 : 1.
 - C 1 : 8.
 - D 1 : 16.
- (2)

VRAAG 4 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ELEMENT/IOON	GETAL PROTONE	GETAL NEUTRONE	GETAL ELEKTRONE
P	11	12	11
Q	14	16	14
R	16	16	18


- 4.3 Element P reageer met suurstof om die verbinding met die chemiese formule P_2O te vorm.
- 4.3.1 Voorspel die chemiese formule wat element Rb in die periodieke tabel sal vorm wanneer dit met suurstof reageer. (2)
- 4.3.2 Verduidelik die antwoord op VRAAG 4.3.1. (2)

Atome en Verbindings

November 2018/2

VRAAG 6 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Bestudeer die diagram hieronder wat twee verskillende stowwe (A en B) toon en beantwoord die vrae wat volg.



- 6.1 Kies die stof (A of B) wat die volgende beskryf:
- 6.1.1 Metaalstruktuur (1)
 - 6.1.2 Struktuur van magnesiumchloried (1)
- 6.2 Verduidelik hoe die tipe binding in stof A vorm. (2)
- 6.3 Noem die tipe binding wat in stof B bestaan. (1)
- 6.4 Magnesium en chloor reageer om verbinding magnesiumchloried te vorm.
- 6.4.1 Definieer die term *verbinding*. (2)
 - 6.4.2 Skryf die NAAM van die groep neer waaraan magnesium behoort. (1)
 - 6.4.3 Skryf die valensie van 'n chlooratoom neer. (1)
 - 6.4.4 Gebruik die Lewis-kol-diagram om die vorming van magnesiumchloried te toon. (3)
- [12]

Atome en Verbindings

November 2017


1.3 In watter verhouding sal groep (I)-elemente met groep (VI)-elemente reageer?

- A 2 : 1
- B 1 : 6
- C 6 : 1
- D 1 : 3

(2)

VRAAG 2 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Beskou die volgende stowwe:



2.1 Skryf 'n stof uit die lys hierbo neer wat die volgende is:


- 2.1.1 'n Molekulêre struktuur (1)
- 2.1.2 'n Metaalstruktuur (1)
- 2.1.3 'n Kovalente netwerkstruktuur (1)
- 2.1.4 'n Ioniese netwerkstruktuur (1)

2.2 Teken die Lewis-kol-diagram vir die CO_2 -molekuul. (2)

2.3 Identifiseer die soort chemiese binding in H_2O . (1)

2.4 Teken die Lewis-kol-diagramme om die vorming van $NaCl$ te toon. (3)

2.5 Bestudeer die modelle van verbinding **A**, **B** en **C** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Skryf neer die:

- 2.5.1 Chemiese naam van verbinding **A** (1)
- 2.5.2 Chemiese formule van verbinding **B** (1)
- 2.5.3 Algemene naam van verbinding **C** (1)

Atome en Verbindings

November 2016

- 1.4 Watter EEN van die molekules hieronder bevat die grootste getal atome?
- A N_2
 - B H_2O
 - C CH_4
 - D H_2SO_4 (2)
- 1.5 Die chemiese formule vir natriumsulfaat is ...
- A NaSO_4
 - B $\text{Na}_2(\text{SO}_4)_2$
 - C Na_2SO_4
 - D $\text{Na}(\text{SO}_4)_2$ (2)
- 1.9 Tydens die vorming van ioniese bindings word elektrone ...
- A gelyk gedeel.
 - B ongelyk gedeel.
 - C van 'n metaal na 'n nie-metaal oorgedra.
 - D van 'n nie-metaal na 'n metaal oorgedra. (2)

Atome en Verbindings

November 2015/1

- 1.6 Elkeen van die stowwe hieronder word deur aantrekkingskragte tussen twee ione gevorm.

In watter EEN van die stowwe het die samestellende ione dieselfde elektronkonfigurasie?

- A KBr
- B Na₂S
- C MgCl₂
- D CaCl₂

(2)

- 1.7 In watter EEN van die volgende is die struktuur korrek verbind met die gegewe element?

	ELEMENT	STRUKTUUR
A	Litium	Kovalent
B	Jodium	Molekulêr
C	Swawel	Ionies
D	Koolstof	Metaal

(2)

Atome en Verbindings

November 2015/2

- 5.2 Bestudeer die stowwe (A–E) in die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

	STOF
A	Swawelpoeier
B	Natriumchloriedkristalle
C	Koperdraad
D	CO ₂ (s) [droë ys]
E	'n Diamant

- 5.2.1 Skryf die LETTER(S) neer wat die volgende voorstel:
- (a) 'n Stof met 'n reuse-atoomrooster (1)
 - (b) 'n Stof met 'n rooster wat uit positiewe ione en gedelokaliseerde valenselektrone bestaan (1)
 - (c) TWEE stowwe met intermolekulêre kragte tussen deeltjies (2)
- 5.2.2 Gebruik Lewisstrukture om die vorming van stof **B** te toon. (4)
- 5.2.3 Stof **D** ondergaan SUBLIMASIE. Stel hierdie verandering met 'n chemiese vergelyking voor. (2)

[21]